

18 Maart

Skrifgedeelte: Spreuke 29

Fokusgedeelte: Spreuke 29:23

Trots bring vernedering – nederigheid bring eer

Trotsheid word gewoonlik gesien as die kroon op 'n bepaalde sukses, en nederigheid as die vrug van mislukking. Die Here bring hierop 'n duidelike korreksie. Trotsheid verneder 'n mens en nederigheid bring eer.

Met die sondeval het die mens, in sy trots om soos God te wil wees, juis alles verloor en sou hy voortaan, soos 'n slaaf, deur die sweet van sy aangesig sy brood eet. Sedertdien is die sondaarmens geneig om die voorste plekke in te neem en om belangriker te wees as ander. Die Here Jesus Christus het in sy prediking hierdie saak duidelik aangespreek: "Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en elkeen wat homself verneder, sal verhoog word" (vgl. Luk 14:8-11).

Die Bybel gebruik 'n besondere term, naamlik "die nederige van gees". Nederigheid kan ook vals en aangeplak wees. Jy kan jou nederig voordoen met mooi woorde en die regte houding en gebare. Mense kan selfs trots wees oor hulle nederige houding. Die nederige van gees is juis die een wat van harte nederig en berouvol is. Dit is iemand wat deur die Gees van God nederig gemaak word en daarom ook baie sensitief is vir die sonde. Hy is soos die tollenaar wat bid: "O God, wees my, sondaar, genadig!" (vgl. Luk 18:11-14).

Jesaja profeteer: "Die Here woon by die verbryselde en nederige van gees om te laat herlewe die gees van die neergeboë en die hart van die verbryselde" (57:15). Hierdie woorde het treffend in vervulling gegaan vir die een kwaaddoener wat saam met Christus gekruisig is. Toe hy in nederigheid vra: "Dink aan my Here, wanneer U in u koninkryk kom," hoor hy: "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Wat 'n eer het die kwaaddoener ontvang!

"Vneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog" (Jak 4:10).

Sing: Psalm 146:5, 6 (1936-beryming)

Ds SA Cilliers (Waterberg)

